# Nuutmaking

LEWE | BEGEERTES | GEBOD | OPDRAG

shofar
christian church

# Nuwe Begeertes

THEO POTGIETER

Lewe uit die dood
1Julle was dood as gevolg van julle
oortredings en sondes 2wat voorheen julle
lewenswyse gekenmerk het. Julle het gelewe
soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei
deur die vors van die onsigbare magte, die
gees wat daar nou aan die werk is in die
mense wat aan God ongehoorsaam is.

**Efesiers 2:1-2**

3So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het. Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word.

Efesiers 2:13

# Nuwe Natuur

34 Jesus sê toe vir hulle: “Dít verseker Ek julle: Elkeen wat sonde doen, is 'n slaaf van die sonde.

Johannes 8:34

44 Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader, en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen.

Johannes 8:44

# Natuurlik
# vs
# Geestelik

14Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word.

1 Korintiers 2:14

2 Rig julle gedagtes op die dinge wat
daarbo is, nie op die dinge wat op die
aarde is nie,

12 Julle is die uitverkore volk van God wat
Hy baie liefhet. Daarom moet julle
meelewend, goedgesind, nederig,
sagmoedig en verdraagsaam wees.

# Kolossense 3: 2, 12

# Vernuwing

25 Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat
julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle
onreinheid en van al julle afgodery. 26 Ek sal
julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal
die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n
hart van vleis gee. 27 Ek sal my Gees in julle
gee en Ek sal maak dat julle volgens my
voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam
en nakom.

**Esegiel 36:25-27**

4 Maar toe het die goedheid van God ons
Verlosser en sy liefde vir die mens verskyn.
5 Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat
ons vir ons vryspraak gedoen het nie, maar
op grond van sy eie ontferming. Dit het Hy
gedoen deur die wedergeboorte wat die
sonde afwas, en deur die Heilige Gees wat
nuwe lewe gee.

Titus 3:4-5

# Heiligmaking
# Afsondering

11 Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus
uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy
deur wie Christus uit die dood opgewek is,
ook julle sterflike liggame lewend maak deur
sy Gees wat in julle woon.

**Romeine 8:11**

## Aan God die dank

13 Ons moet God altyd vir julle dank, broers. Die Here het julle lief, en God het julle uitverkies om van die eerstes te wees wat gered word. Julle is gered deurdat die Gees julle vir Hom afgesonder het en deurdat julle die waarheid glo.

**2 Tessalonisense 2:13**

1 Geliefdes, hierdie beloftes is ook vir ons.
Laat ons ons dan reinig van alles wat
liggaam en gees verontreinig, en ons in
gehoorsaamheid aan God volkome aan
Hom toewy.

**2 Korintiers 7:1**

19 Weens julle beperkte begrip gebruik ek
'n beeld uit die alledaagse lewe: soos julle
elke deel van julle liggame in diens van
sedelike onreinheid en wetteloosheid
gestel het en losbandig gelewe het, so
moet julle nou elke deel van julle liggame
in diens van God stel om heilig te lewe.

Romeine 6:19

# Transformasie

Die nuwe lewe in Christus

1 En nou doen ek 'n beroep op julle, broers,
op grond van die groot ontferming van
God: Gee julleself aan God as lewende en
heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit
is die wesenlike van die godsdiens wat julle
moet beoefen.

**Romeine 12:1**

2 Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

**Romeine 12:2**

# Vrymaking

6 Maar nou is ons vrygemaak van die wet, want ons het gesterf en staan nie meer onder die wet waardeur ons gebind was nie. Nou kan ons dien in die nuwe bedeling van die Gees, nie in die ou bedeling van wetsvoorskrifte nie.

Romeine 7:6